Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

# Donderdag 14 Mei 2020

## Opsomming van 'n informatiewe teks

### Pappa se plan

"Kinders, ek het julle hulp nodig om Mamma se verjaardag Saterdag spesiaal te maak."

Gerda en Fanie is dadelik **vuur en vlam**. "Kom ons maak vir haar plaatkoekies vir ontbyt!"

"Dit is 'n uitstekende idee!" lag Pappa. "Soek julle solank deur haar kookboeke vir 'n lekker resep. Onthou, dit is ons geheim!"

Fanie gaan haal hulle kookboek vir kinders en begin vinnig daardeur blaai.




"Jy sal die resep vinniger kry as jy by die inhoudsopgawe kyk," help Gerda. "Dis gewoonlik aan die begin iewers ... A, hierso," sê sy.

Fanie lees: "Slaai en groente ... Skons, pannekoek en broodjies ... Hier is dit by die Skons, pannekoek en broodjies. Bladsy 118." Fanie blaai tot by die regte bladsy.

"Wat het ons nodig?" vra Gerda.

**Hierdie teks is gevind uit 'n ander handboek en is nie in u kind se handboek nie.**